# <u>NG Kerk Frankfort - Loodglasvensters</u>

Tydens die Anglo-Boereoorlog is elke huis in Frankfort verwoes en afgebrand, insluitende die NG Kerk wat destyds die enigste kerk in die dorp was. Die enigste struktuur wat staande en behoue gebly het, is die bekende ou brug wat die twee oewers van die Wilgerivier met mekaar verbind en nog deur die ou Vrystaatse regering met behulp van die boere opgerig is - `n ware monument op sy eie. Dit het slegs behoue gebly omdat die Engelse dit nodig gehad het vir hulle verkeer oor die rivier.

Die totale verwoesting van die dorp het plaasgevind tydens die besonder koue wintermaand van Junie 1900 en in hierdie uiterste koue is alle vrouens en kinders en ou mans van die dorp en omliggende plase op ossewaens gelaai en na die konsentrasiekamp op Heilbron, sestig kilometer van Frankfort af, geneem. Menige families van Frankfort het veral kinders in die konsentrasiekamp verloor. Op die plase het niks oorgebly nie. Beeste, skape, graan en pluimvee is doodgemaak of net gekonfiskeer en die huise is afgebrand. `n Mens kan jou maar net probeer indink wat die gevoel en indrukke van ons voorouers was toe hulle na vredesluiting na die verwoeste Frankfort en na die puin van hulle plase teruggekeer het.

Maar dit was manne en vroue van die spreekwoordelike yster staal en in stof en as het hulle nie gaan sit nie. Dadelik het hulle met die heropbou begin. Die hele begin en einde van alles het om een sentrale punt beweeg: hulle onuitblusbare geloof in die drie-enige God - `n geloof wat nie deur die smarte van die oorlog enigsins ondermyn is nie.

Diep gelowiges soos hulle was, is daar dadelik begin met besinning oor die kerkgebou: moet die oue herstel word of moet `n nuwe opgerig word. Daar is besluit om `n nuwe kerkgebou op te rig en wel op dieselfde terrein as die ou afgebrande een.

Vir so uiters verarmde gemeenskap was dit `n enorme en uitdagende taak, `n bykans bo-menslike een, maar hulle geloof was sterk genoeg. Sandklippe is gekap en per ossewaens na Frankfort aangery. Daar het verrys hierdie pragtige kerkgebou wat nie alleen `n baken en sierraad in Frankfort is nie, maar ook ongetwyfeld een van die heel mooiste kerkgeboue in die land. Talle besoekers het al gekom om die besondere kerkgebou van binne en buite te besigtig. Onder hulle tel ook indiwiduele toeriste uit die buiteland, asook toeristegroepe. Talle huwelike van nie-lidmate is al in hierdie pragkerk voltrek en letterlik honderde troufoto's met die historiese kerk as agtergrond is al hier geneem. Beskou `n mens hierdie kerkgebou van binne en buite en jy kyk na die reuse koepel, die toring en die pragtige loodglasvensters, staan jy verstom oor hoe ons verarmde voorouers dit kon regkry met die beperkte middele tot hulle beskikking. Onthou die pragtige katedrale in Europa is gebou met die hulp van prinse en konings en deur die magtige en skatryk Rooms Katolike kerk.

Hierdie kerk is die nalatenskap van ons voorouers aan ons, hulle nageslag. Dit is nou ons plig om hierdie pragtige gebou in stand te hou en ongeskonde aan ons nageslag oor te dra. Weet u die hoeksteen van die kerk is in 1911 gelê deur wyle president Steyn, een van die groot helde en bittereinders van die Anglo-Boereoorlog. Dit was `n skrale 9 jaar na die beeindiging van die oorlog. Ons kan dink dat daar duisende gebede opgegaan het en dat dit nooit sou kon gebeur het sonder die wil en hulp van die Hemelse Vader nie, want dit was arm mense wat bydraes van `n pennie tot `n pond gemaak het. Wat `n absolute wonderwerk!

Die afgelope honderd jaar is daar gereeld herstelwerk aan die kerk gedoen, maar nooit aan die vensters nie. Dit is pragtige loodglasvensters en nou na baie deeglike ondersoek blyk dit dat na honderd jaar dit krities belangrik is dat dringende herstelwerk aan die vensters gedoen moet word. Die lood is besig om te verbrokkel en moet vervang word. Sommige vensters dreig al om uit te val. Dit kan ernstige gevolge inhou en indien slegs een venster breek, sal dit nie weer met `n venster van dieselfde kleur vervang kan word nie. Dit is `n hoogs gespesialiseerde werk en kan slegs deur kenners met die nodige ondervinding en ervaring gedoen word. Elke venster wat uitgehaal word, sal so versigtig soos `n baba hanteer moet word en dadelik deur `n tydelike venster of paneel vervang moet word. Die vensters wat uitgehaal word, word na die werksplek van die kontrakteur geneem waar dit herstel word en weer

teruggebring en ingesit word. Indien al die vensters gelyktydig gedoen word, sal dit neerkom op `n reuse kapitale uitgawe van honderde duisende rande.

Die kerkraad het egter in samewerking met die kontrakteur besluit dat die werk in fases afgehandel sal word en indien nodig oor `n tydperk van 2 – 3 jaar, want die toestand van alle vensters is nie ewe kritiek nie. In die eerste fase sal na alle waarskynlikheid slegs 6 van die kleiner vensters herstel word, asook 2 van die groter vensters. Die kerkraad het `n uitstekende kwotasie aanvaar van `n kontrakteur met `n deeglike kennis van die soort werk en baie ervaring.

Ons is nou weer in dieselfde posisie as ons voorouers en kerkbouers van meer as `n 100jaar gelede. Alhoewel in `n mindere mate is ons nou ook dringend afhanklik van u pennie en u pond en u rand, dollers en Euro’s is ook welkom! Net soos 100 jaar gelede is ons ook volslae afhanklik van u gebede en van die Wil en Hulp van ons Hemelse Vader.

`n Instandhoudingsfonds is reeds geskep.

Rig alle navrae aan die kerkkantoor, 0588131487.

